# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**7 Januarie 2024**

# Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Toetredelied:** Lied 163
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 107-2:1,2,3
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE:** Matteus 22:37-40
**Sing:** Psalm 42-1:1,5
**Gebed**
**Sing:** Psalm 42-3:1,5
**Skriflesing:** Jesaja 55
**Fokus:** Jesaja 55:1
**Preek:**






**Tema:**
*Almal wat dors is, kom na die Water.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 18-6:1,4,5
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Thusofonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 9
14 Januarie: Wyk 10
21 Januarie: Wyk 1



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**EXPANDO WEBINARE: GEBED – 2024:**

| Datum in 2024 | Onderwerp | Aanbieder |
|---|---|---|
| 25 Januarie | Hoe leer ek om te bid en hoe groei ek in my gebedslewe | Ds Marcel Floor |
| 1 Februarie | Waarom is gebed noodsaaklik | Ds Thomas Dreyer |
| 8 Februarie | Die inhoud van my gebed | Ds Hanno v Schaik |
| 15 Februarie | Gebedsverhoring | Ds Fanie Coetzee |
| 22Februarie | Die gesindheid waarmee ek bid | Ds Jaco Lemmer |
| 29 Februarie | Die Heilige Gees en gebed | Prof Gert Breed |

Hierdie webinare word aangebied vir alle gelowiges, Bybelstudie- en kleingroepe maar ook vir Kerkrade. Die webinare begin almal om 19:00 en duur tot min of meer 20:00 en bestaan uit 'n lesing en geleentheid vir vrae.
U ontvang ter voorbereiding 'n Bybelstudie en vrae wat u na die lesing kan beantwoord vir praktiese toepassing.
Laat weet asb. as u wil deelneem by gkexpando@gmail.com



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 13 Januarie 2024

| | | |
|---|---|---|
| 7 Januarie | Sias Knoesen | 084 577 7707 |
| 9 Januarie | Tjaart (TJ) van der Walt | 083 411 6800 |
| 11 Januarie | Danny Morelli | 082 443 1845 |
| 11 Januarie | Jean-Pierre Knoesen | 072 626 1115 |
| 12 Januarie | Ben de Lange | 083 780 1445 |
| 12 Januarie | Zandré van der Walt | 083 273 4739 |
| 13 Januarie | Dries (jnr) Olivier | 083 937 6544 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Daar is ’n gesegde, “geen nuus is goeie nuus”. Ons hoop dit is ook waar van ons gemeente. Behalwe vir die volgende twee beriggies het ons geen nuus oor lief en leed van ons lidmate ontvang nie. Ons bede is dat die jaar vir almal van julle ’n geseënde jaar mag wees.
- Sr. Ronel Knoesen (082 839 5977) se ma, Shirley Venter (082 827 9301) het in Desember ’n hartaanval gehad. Ons bede is dat sy goed mag herstel.
- Br. Rynhardt Benson (076 199 0822) het Dinsdag verloof geraak. Baie geluk aan hom en sy ouers, br. Jaco (078 124 7157) en sr. Christine (073 322 6306) Benson.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.

# *Jesaja 55*

1 “Kom, almal wat dors is, kom na die water! En wie geen geld het nie, kom koop en eet! Kom koop sonder geld, sonder koste, wyn en melk!
2 Waarom weeg julle silwer af vir wat nie brood is nie, en bestee julle moeitevolle arbeid aan wat nie versadig nie? As julle aandagtig na My luister, sal julle eet wat goed is, sal julle julle aan ryk kos verlustig.
3 Maak julle ore oop en kom na My toe; luister, sodat julle kan leef! Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit, getrou aan die bestendige liefde vir Dawid.
4 Kyk, 'n getuie vir die volke het Ek hom gemaak, 'n leier, iemand wat bevel voer oor volke.
5 Kyk, jy sal 'n nasie roep wat jy nie ken nie; en 'n nasie wat jou nie ken nie, sal na jou toe hardloop, ter wille van die HERE, jou God, ter wille van die Heilige van Israel, omdat Hy jou verheerlik het.”

6 Soek die Here terwyl Hy Hom laat vind, roep Hom aan, terwyl Hy naby is.
7 Die goddelose moet van sy pad afsien, en die boosdoener van sy planne. Hy moet na die Here terugkeer, sodat Hy hom genadig kan wees, en na sy God, want Hy vergeef oorvloediglik.

8 “Ja, my planne is nie julle planne nie, en julle paaie is nie my paaie nie,” is die uitspraak van die Here.
9 “Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my paaie hoër as julle paaie, en my planne as julle planne.
10 Ja, soos reën en sneeu uit die hemel afkom en nie daarheen terug-
keer nie, maar die aarde deurdrenk en plante laat voortbring, dit laat
uitspruit, en so saad gee vir die saaier en voedsel vir dié wat eet, 11 net
so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: Dit sal nie vrugteloos na My terugkeer nie, maar doen wat Ek wil hê, en die doel bereik waarvoor Ek dit gestuur het.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis:
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: Vrydag 08:00 - 13:00 admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net 'n Gedagte

***7 Die beginsel van die wysheid is:***
***Verwerf wysheid en verwerf insig deur al wat jy besit.***
***8 Hou dit hoog, dan sal dit jou verhoog;***
***dit sal jou eer as jy dit omhels.***
***9 Dit sal 'n lieflike krans gee vir jou hoof,***
***dit sal jou 'n sierlike kroon verskaf.***
*~ Spreuke 4:7-9 (ou vertaling) ~*

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA